



---

## PRIMÈRE SKOOL UNIVERSITAS

---

### TOERBELEID

#### 1 Algemene Prosedure.

Voordat enige skooltoer onderneem kan word, moet die Skedule 1 aansoekvorm (hierby aangeheg) asook ander toepaslike dokumentasie voltooi word. Die vorm moet minstens 3 maande voor die vertrekdatum van sodanige toer, vir finale goedkeuring aan die Departement van Onderwys voorgelê word.

#### 2 Belangrike kriteria m.b.t Skooltoere.

- 2.1 Daar moet 'n behoefte/vraag vir so 'n toer wees.
- 2.2 Inligting rondom toere moet deeglik met ouers van toerlede gekommunikeer word en hulle skriftelike toestemming moet verkry word.
- 2.3 Die Ouers van toerlede finansier self alle uitgawes om so 'n toer te laat realiseer. Indien die toergelde nie betaal kan word nie, kan so 'n leerder nie op die toer gaan nie.
- 2.4 In geval van Sporttoere is die volgende kriteria belangrik:
  - (i) Dit is die afrigter van 'n spesifieke span(ne) se voorreg en verantwoordelikheid om span(ne) saam te stel.
  - (ii) Die feit dat 'n leerder vir 'n spesifieke toerspan gekies word, impliseer nie noodwendig dat sodanige leerder vir die res van die jaar vir daardie betrokke span sal/hoef te speel nie.
  - (iii) Waar 'n leerder gedurende die jaar vir 'n sekere span gespeel het, beteken ook nie dat sodanige leerder vanselfsprekend vir daardie span vir die toer gekies hoef te word nie. Ook so 'n keuse is die afrigter van die span se voorreg en verantwoordelikheid.
  - (iv) Spanne vir sporttoere word op meriete gekies. Spelers wat op meriete die span sou haal, maar wat om een of ander rede nie die toer kan meemaak nie, moet in ag geneem word en na afloop van die toer betrek word.
  - (v) Deelname aan die toer is nie 'n voorvereiste vir insluiting in 'n span vir die liga nie.
- 2.5 Kinders sal verkieslik nie by gasheer skole se ouers uitgeplaas word nie. Indien dit die beste opsie is, sal die ouers se toestemming vooraf verkry moet word.
- 2.6 Die tradisioneel Opvoedkundige toer word vervang met 'n Gr 7 afsluitingstoer. Die oorweging hiervoor is dat dit alle gr 7 leerlinge die kans gee en nie net 'n eksklusiewe groep kinders nie.
- 2.7 Swak gedrag/dissipline kan 'n leerder diskwalifiseer om op enige toer te gaan. So 'n beslissing berus by die skool se Bestuurspan, of indien nodig, by die skool se Beheerliggaam en sodanige beslissing is finaal.

- 2.8 Op enige skooltoer is verantwoordelike en genoegsame toesig deur leerkragte 'n voorvereiste. (Elke 25 toerlede sal deur minstens een volwassene vergesel word.)
- 2.9 Skoolreëls en goeie gedrag, soos by die skool van toepassing is, geld vir alle toere.

### 3 Mediese Inligting en Noodhulp.

- 3.1 Elke leerder wat op toer gaan moet 'n mediese vorm ontvang wat deur sy/haar ouers voltooi moet word en wat deur die organiseerder/afrigter saam op toer geneem word. Die vorms kan by die sporthoof verkry word.
- 3.2 Die toerorganiseerder moet toesien dat 'n volledig toegeruste noodhulptassie saam geneem word. Reël betyds met die noodhulpbeampte.

### 4. Pligte van toerorganiseerder

- 4.1 Reël van toer en bestemming
- 4.2 Korrespondensie aan ouers
- 4.3 Behoorlike begroting saamstel.
- 4.4 Gereelde kontrole oor die betalings insamewerking met die finansiële beampte en opvolgversoeke

GOEDGEKEUR DEUR DIE BESTUURSPAN OP 2016-01-11



M Coomans

Skoolhoof